

Taalopname: Studente en personeel 14 Augustus 2022

Inleiding

Die Raad van die Universiteit Stellenbosch (US) het die hersiene Taalbeleid in Desember 2021 goedgekeur vir implementering vanaf 2022. Die proses vir die hersiening van die Taalbeleid is in Oktober 2020 aangevoer. Aangesien die Taalbeleid (2016) in 2019 deur die Konstitusionele Hof goedgekeur is, het die Taalbeleidhersieningstaakspan die 2016-beleid as vertrekpunt gebruik. Die taakspan het bestaan uit verteenwoordigers van die US se tien fakulteite, die instelling se professionele en administratiewe steundienste en studenteverteenwoordigers, met tegniese kundiges wat gekoöpteer is soos nodig.

Die doel van die Taalbeleid is om taalgebruik in alle aspekte van die instelling te reguleer, te bestuur en te rig. Die drie grondbeginsels van die Taalbeleid (2021) bepaal dat die US meertaligheid as 'n **hulpbron** beskou, dat taal **toegang** moet **verbreed** en **sukses ondersteun**, en dat die beleid en die implementering daarvan **pedagogies verantwoordbare leer en onderrig** moet fasiliteer.¹

'n Opname is in die eerste en tweede semester in 2017 onder alle voorgraadse studente gedoen ná die eerste jaar van implementering van die 2016-Taalbeleid. Nog 'n opname is in Julie 2019 gedoen. Die 2019-opname is uitgebrei om US-personeel, sowel akademiese as nie-akademiese personeel, in te sluit. Die studente- en personeelopname is in Mei 2022 herhaal. Bykomende vrae oor die bevordering van meertaligheid, die steun wat deur die Taalsentrum verskaf word en taalvoorkeure vir assesserings is by die 2022-opname ingesluit.


Studente-opname

Agtergrond

E-pos-uitnodigings om 'n aanlyn opname te voltooi, is tussen 9 Mei en 6 Junie 2022 aan alle studente (31 597) gestuur om hul terugvoering oor die implementering van die US Taalbeleid in die leer-, leef-, ko-kurrikulêre en administratiewe omgewings te verkry. Die opname het toestemming ingesluit om 'n navorsingsafdeling te voltooi om toegang tot die opname te verkry. Afskrifte van die toestemmingsbrief en opname is op aanvraag beskikbaar.

Uit 31 597 studente, waarvan 21 058 voorgraads was, het altesaam 1 785 die opname voltooi, wat sowel voorgraadse (1 172) as nagraadse (613) studente ingesluit het. In 2019 is die opname deur 1 216 studente voltooi, waarvan 897 voorgraads was. In 2017 was die opname slegs op voorgraadse studente gemik, met 4 793 response in die eerste semester en 2 571 in die tweede semester.

¹ <http://www.sun.ac.za/afrikaans/meer-oor/language>



Figuur 1: Responskoers per opname. $n(2017_sem1) = 4\ 793$, $n(2017_sem2) = 2\ 571$, $n(2019) = 1\ 216$ en $n(2022) = 1\ 785$.

Die opname het uit drie afdelings bestaan:

- Afdeling A: Persoonlike inligting
- Afdeling B: Taal in die leeromgewing
- Afdeling C: Taal in die leef-, ko-kurrikulêre en administratiewe omgewings. Hierdie afdeling het vrae ingesluit oor die aanmelding en hantering van studente se ontevredenheid met taalverwante kwessies in die leer-, leef-, ko-kurrikulêre en administratiewe omgewings.

Die vernaamste doel van die opname was om studente se terugvoering oor hul persepsies van die implementering van die 2022-Taalbeleid te verkry ten einde:

- enige probleme te hanteer wat studente moontlik met die implementering van die Taalbeleid ervaar;
- terugvoering aan die fakulteite te gee vir hul fakulteitsverslae aan die Senaat aan die einde van die semester oor die implementering van die Taalbeleid in die onderskeie fakulteite;
- terugvoering aan die Taalkomitee te gee oor die voortgesette implementeringsfases van die nuwe Taalbeleid; en
- navorsing oor die implementering van die Taalbeleid te rig.


Hierdie verslag bevat 'n opsomming van die resultate volgens die afdelings van die opname georganiseer. In 2017 is slegs voorgraadse studente se stemme opgeneem rakende hul persepsies van die implementering van die nuwe Taalbeleid. Nagraadse studente is in 2019 en 2022 ingesluit, maar is vir die verslag verdeel. Ten einde 'n billike vergelyking tussen jare te gee, is slegs voorgraadse response by hierdie verslag ingesluit in vergelykings van verskillende opnamejare. Vrae wat by die 2022-opname bygevoeg is wat op studente se ervaring van die bevordering van meertaligheid op die kampus gefokus het, sluit terugvoering van nagraadse studente in.

Afsonderlike verslae met die terugvoering volgens fakulteit verdeel sal vir elke fakulteit voorberei word.


Afdeling A: Studente se persoonlike inligting

V1: Jou fakulteit

Soos in figuur 2 aangetoon, was die meerderheid voorgraadse respondente van die 2022-opname van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, gevolg deur die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Ingenieurswese, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, en Natuurwetenskappe. Dit stem ongeveer ooreen met die hoeveelheid studente in die onderskeie fakulteite.




Figuur 2: Resposkoers per fakulteit. $n(2017_sem1) = 4\ 793$, $n(2017_sem2) = 2\ 571$, $n(2019) = 897$ en $n(2022) = 1\ 172$.



Figuur 3: Resposkoers per studenteligaam van fakulteit, slegs voorgraads. $n(2017_sem1) = 4\ 793$, $n(2017_sem2) = 2\ 571$, $n(2019) = 897$ en $n(2022) = 1\ 172$. Totale voorgraadse studenteligaam in 2022 = 21 058.

V2: Jou jaargroep


Figuur 4 toon dat die grootste hoeveelheid respondente in 2022 nagraadse studente was, gevolg deur eerstejaars, en dan nie-finalejaar- en finalejaarstudente. Die nagraadse terugvoering is vir die meerderheid van die opnameresponse uitgesluit om 'n akkurater korrelasie met die voorgraadse opnameresponse van 2019 en 2017 te gee.



Figuur 4: Respondente per jaargroep. n (sem1_2017) = 4 793, n (sem2_2017) = 2 550, n (2019) = 897 en n (2022) = 1 757.

V3: Wat is jou huistaal?


Die meerderheid respondente het aangetoon dat hul huistaal Afrikaans (41%) is, gevolg deur Engels (34%).



Figuur 5: Resposkoers per huistaal. n (sem1_2017) = 4 793, n (sem2_2017) = 2 516, n (2019) = 897 en n (2022) = 1 143.

V4: Hoeveel tale is jy magtig?

Hierdie vraag is by die 2019-opname gevoeg, en die meerderheid respondente (62%) het aangedui dat hulle twee tale magtig is.




Figuur 6: Responsoers per hoeveelheid tale magtig. n (2019) = 897 en n (2022) = 1 143.

V5: Wat is jou voorkeurtaal met betrekking tot lesings, tutoriale/praktika/kliniese sessies, leermateriaal en assesserings?


Ondanks die hoër getal Afrikaanse respondente, was daar 'n voorkeur vir Engelse lesings (73%, styging vanaf 66% in 2019 en 61% in 2017), tutoriale (72%, styging vanaf 63% in 2019 en 61% in 2017) en leermateriaal (74%, styging vanaf 71% in 2019 en 65% in 2017).

Daar was ook 'n afwaartse neiging, met 12% van die respondente (daling vanaf 19% in 2019 en 24% in 2017) wat 'n voorkeur getoon het vir lesings en tutoriale slegs in Afrikaans, en 10% van die respondente (daling vanaf 15% in 2019 en 21% in 2017) wat 'n voorkeur vir leermateriaal slegs in Afrikaans getoon het.


Figuur 10 toon dat 73% van alle respondente verkies het dat assesserings slegs in Engels moet wees.




Figuur 7: Responsoers vir voorkeurtaal: **Lesings**. "Nie van toepassing nie" is verwyder.



Figuur 8: Responsoekers vir voorkeurtaal: **Tutoriale, praktika en/of kliniese sessies**. "Nie van toepassing nie" is verwyder.




Figuur 9: Responsoekers vir voorkeurtaal: **Leermateriaal**. "Nie van toepassing nie" is verwyder.




Figuur 10: Responsoekers vir voorkeurtaal: **Assesserings**. "Nie van toepassing nie" is verwyder. n (2022) = 1138. Nuwe vraag in 2022.

As die terugvoering oor lesings in figuur 7 in die huistaalgroepe, naamlik Afrikaans, Engels en 'n gekombineerde groep van sprekers van ander tale, verdeel word, kan 'n mens 'n afname sien in die respondente met Afrikaans as huistaal wat lesings slegs in Afrikaans verkies (50% tot 35% tot 28%) en 'n toename in hul voorkeur vir sowel Afrikaanse as Engelse lesings (17% tot 27% tot 32%) (figuur 11). Byna al die studente met


Engels as huistaal en ander huistale het lesings slegs in Engels verkies (figuur 12 en 13).




Figuur 11: Lesingtaalvoorkeur van studente per huistaalgroep: Afrikaans n (2022) = 472




Figuur 12: Lesingtaalvoorkeur van studente per huistaalgroep: Engels n (2022) = 383




Figuur 13: Lesingtaalvoorkeur van studente per huistaalgroep: ander n (2022) = 282



Figuur 14: Besikbaarheid van **tutoriale, praktika en/of kliniese sessies** in voorkeurtaal per **Afrikaanse huistaalgroep**



Figuur 15: Besikbaarheid van **leermateriaal** in voorkeurtaal per **Afrikaanse huistaalgroep**




Figuur 16: Besikbaarheid van **assesserings** in voorkeurtaal **per huistaalgroep**. Nuwe vraag in 2022.

Dit is interessant dat die voorkeurtaal vir assesserings vir die Afrikaanse huistaalgroep 'n voorkeur (39%) vir assesserings in sowel Afrikaans as Engels toon (figuur 16).

V6: Is elemente soos lesings, tutoriale, leermateriaal en assesserings in jou voorkeurtaal beskikbaar gestel soos voorsiening gemaak deur die verskillende opsies in die US Taalbeleid?

Meer as 84% van die respondente in 2022 het aangetoon dat die lesings, tutoriale/praktika/kliniese sessies, leermateriaal en assesserings in hul voorkeurtaal beskikbaar gestel is soos voorsiening gemaak deur die opsies in die US Taalbeleid (figuur 17).



Figuur 17: Persentasie respondente wat "ja" geantwoord het op die vraag of hierdie elemente in hul voorkeurtaal beskikbaar was soos voorsiening gemaak deur die opsies in die US Taalbeleid. n (2019) = 891, n (2022) = 1 131.


As vraag 6 volgens huistaal verdeel word, toon dit dat die sienings van studente met Afrikaans as huistaal en dié met Engels as huistaal bykans onveranderd gebly het, maar dat daar 'n effense afname in die groep met ander huistale was, wat aangetoon het dat lesings in hul voorkeurtaal beskikbaar was (figuur 18).



Figuur 18: Besikbaarheid van lesings in voorkeurtaal, per huistaalgroep
 Afrikaans huistaal: n (2022) = 470; n (2019) = 467; n (2017_sem2) = 1 303
 Engels huistaal: n (2022) = 381; n (2019) = 314; n (2017_sem2) = 949
 Ander huistaal: n (2022) = 281; n (2019) = 115; n (2017_sem2) = 523

V7: Die Taalbeleid spreek tot die meertalige konteks van die US met die doel om institusionele meertaligheid en individuele veeltaligheid te bevorder deur individue aktief aan te moedig om meer as een taal te gebruik. Het jy hierdie bevordering van meertaligheid ervaar?


Toe studente gevra is of hulle die bevordering van institusionele en individuele meertaligheid ervaar het, het ongeveer tweederdes aangetoon dat hulle dit in 'n mate ervaar het. Dit is die minste in tutoriale, praktika of kliniese sessies ervaar (figuur 19).



Figuur 19: Ervaring van bevordering van institusionele en individuele meertaligheid. Nuwe vraag in 2022. n (2022) = 1 627. Sluit nagraadse response in. Sowel voorgraadse as nagraadse response is by die grafiek ingesluit.

'n Nuwe vraag is by die 2022-opname gevoeg, aangesien die opname op sowel voorgraadse as nagraadse studente gerig was. Uit die 63% wat "ja" geantwoord het, was 2% nagraadse studente (figuur 20).

V8: Is jy ingeskryf vir enige voorgraadse modules?



Figuur 20: Inskrywing vir voorgraadse modules. Nuwe vraag in 2022. n (2022) = 1 702. Sluit nagraadse response in.

Dit was duidelik uit die lae responskoers op 'n nuwe vraag (**Vraag 9**) wat bygevoeg is oor die ondersteuning wat deur die Taalsentrum verskaf word, dat meer bewustheid oor die dienste wat deur die Taalsentrum gelewer word, geskep moet word.


Afdeling B: Taal in jou leer-en onderrigomgewing

Studente het drie opsies gekry vir die gebruik van taal in die Universiteit se leeromgewing soos in die Taalbeleid gespesifiseer en is gevra om vrae oor die implementering van die drie opsies te beantwoord:

1. **Parallelmedium- (PM-)onderrig:** Studente kan kies of hulle 'n Afrikaanse of 'n Engelse lesing wil bywoon.
2. **Dubbelmedium- (DM-)onderrig:** Afrikaans en Engels word in dieselfde klasgroep gebruik.
3. **Enkelmedium- (EM-)onderrig:** Slegs een aanbiedingstaal (Afrikaans of Engels) word gebruik.

V10: Het jou dosent jou klasgroep ingelig watter van die bogenoemde opsies vir die module gebruik sal word en vooraf verduidelik wat dit behels?

Figuur 21 toon dat 41% van die respondente geantwoord het dat taalreëlings in al hul modules bekendgemaak is. Die opsies "Die meeste van my modules" en "n Paar van my modules" van die 2017-opname is gekombineer om die 2019- en 2022-opsies van "In sommige van my modules" te weerspieël.




Figuur 21: Responskoers vir taalreëlings: persentasie wat "ja" geantwoord op die vraag of dosente die klas ingelig het watter opsie vir die module gebruik sal word. n (2017_sem1) = 4 279, n (2017_sem2) = 2 115, n (2019) = 897 en n (2022) = 947.

V11: Word enige van jou modules deur parallelmediumonderrig aangebied, d.w.s. waar studente kan kies of hulle 'n Afrikaanse of 'n Engelse lesing wil bywoon?

Die volgende drie vrae het ondersoek of die drie taalopsies, soos deur die dosente gekommunikeer, ingevolge die verskillende taalbeleidreëlings in die US Taalbeleid

geïmplementeer is. Aangesien die vraelys elektronies ingevul is, was hierdie opsies eers beskikbaar nadat die studente aangetoon het dat 'n module deur 'n spesifieke opsie aangebied is.


Meer as tweederdes van die respondente het aangetoon dat sommige van hul modules deur parallelmediumonderrig aangebied word. Dit is 'n styging vanaf die helfte in 2017 en 2019 (figuur 22).



Figuur 22: Persentasie respondente wat aangetoon het dat sommige van hul modules deur parallelmediumonderrig aangebied word

V12: Hoeveel van jou modules word as parallelmediumonderrig gespesifiseer?


Hierdie vraag is sedert die 2019-opname bygevoeg om te bepaal hoeveel van die respondente se modules as parallelmediumonderrig gespesifiseer is.




Figuur 23: Persentasie respondente wat aangetoon het hoeveel van hul modules as parallelmediumonderrig gespesifiseer is

V13: Is die taalreëling (parallelmedium) geïmplementeer soos gekommunikeer?


Die volgende vraag, oor implementering van die taalreëling soos gekommunikeer, is slegs vir studente gewys wat "ja" geantwoord het op die vraag of sommige van hul modules deur parallelmediumonderrig aangebied is. Hierdie vraag is in die 2017-opname in die tweede semester verander vir nouer ooreenstemming met die Taalbeleid-spesifikasies vir die parallelmediumopsie. Figuur 24 tot 26 toon die resultate van die 2017-opname in die tweede semester en die opnameresponse in 2019 en 2022.



Figuur 24: Persentasie respondente wat aangetoon het dat parallelmediumonderrig geïmplementeer is soos gekommunikeer. Afsonderlike lesings in Afrikaans en Engels was vir die module beskikbaar. Die vraag is anders bewoord in 2017_sem1.




Figuur 25: Persentasie respondente wat aangetoon het dat parallelmediumonderrig geïmplementeer is soos gekommunikeer. Ander leergeleenthede is benut om die integrasie van studente uit verskillende taalgroepe te bevorder (bv. in groepwerk, opdragte, tutoriale en praktika). Die vraag is anders bewoord in 2017_sem1.



Figuur 26: Persentasie respondente wat aangetoon het dat parallelmediumonderrig geïmplementeer is soos gekommunikeer. Studente is in Afrikaans en Engels ondersteun in 'n kombinasie van toepaslik gefasiliteerde leergeleenthede (bv. konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale en praktika). Die vraag is anders bewoord in 2017_sem1.

V14: Word enige van jou modules deur dubbelmediumonderrig aangebied, d.w.s. sowel Afrikaans as Engels word in dieselfde klasgroep gebruik?


Soos in figuur 27 aangetoon, het meer as die helfte van die respondente aangetoon dat sommige van hul modules in sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep aangebied word. Dit het in 2022 effens gedaal in vergelyking met die 2017-opname in die tweede semester en die 2019-opname.



Figuur 27: Persentasie respondente wat aangetoon het dat dubbelmediumonderrig in sommige van hul modules aangebied word, d.w.s. Afrikaans en Engels in dieselfde klasgroep

V15: Hoeveel van jou modules word as dubbelmedium gespesifiseer?


Vraag 15 is sedert die 2019-opname bygevoeg om te bepaal hoeveel van die respondente se modules as dubbelmediumonderrig gespesifiseer is.




Figuur 28: Persentasie respondente wat aangetoon het hoeveel van hul modules as dubbelmediumonderrig gespesifiseer is

V16: Is die taalreëling (dubbelmediumonderrig) geïmplementeer soos gekommunikeer?


Die volgende vraag, oor implementering van die taalreëling soos gekommunikeer, is slegs vir studente gewys wat "ja" geantwoord het op die vraag of sommige van hul modules deur dubbelmediumonderrig aangebied is. Hierdie vraag is verander in die 2017-opname in die tweede semester vir nouer ooreenstemming met die Taalbeleidspesifikasies vir die dubbelmediumopsie. Figuur 29 tot 32 toon die resultate van die 2017-opname in die tweede semester en die opnameresponse in 2019 en 2022.




Figuur 29: 2017 semester 2 en 2019: Persentasie respondente wat aangetoon het dat onderrig in Afrikaans en Engels in dieselfde klas geïmplementeer is soos gekommunikeer. In elke lesing is opsommings in Afrikaans verskaf en sleutelkonsepte is in Afrikaans verduidelik. Die vraag is anders bewoord in 2017_sem1.



Figuur 30: 2017 semester 2 en 2019: Persentasie respondente wat aangetoon het dat onderrig in Afrikaans en Engels in dieselfde klas geïmplementeer is soos gekommunikeer. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord. Die vraag is anders bewoord in 2017_sem1.



Figuur 31: 2017 semester 2 en 2019: Persentasie respondente wat aangetoon het dat onderrig in Afrikaans en Engels in dieselfde klas geïmplementeer is soos gekommunikeer. Studente is in Afrikaans en Engels ondersteun in 'n kombinasie van toepaslik gefasiliteerde leergeleenthede (bv. konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale en praktika). Die vraag is anders bewoord in 2017_sem1.




Figuur 32: 2017 semester 2 en 2019: Persentasie respondente wat aangetoon het dat onderrig in Afrikaans en Engels in dieselfde klas geïmplementeer is soos gekommunikeer. In die geval van eerstejaarmodules bied die US vir die eerste twee

weke van die semester simultane tolking aan, maar dit word gestaak indien studente nie daarvan gebruik maak nie. Die vraag is anders bewoord in 2017_sem1.

V17: Word enige van jou modules deur enkelmediumonderrig aangebied, d.w.s. die opsie van net een taal (Afrikaans of Engels)?


Die helfte van die respondente in 2022 (styging van 3% vanaf 2019) het ervaar dat modules slegs in een taal aangebied is (figuur 33). Let daarop dat die "ja"-antwoorde baie hoog was as in ag geneem word dat slegs ongeveer 5% van die modules slegs in een taal aangebied word. Dit is moontlik dat sommige studente die eentaalopsie as die parallelmediumonderrig-opsie geïnterpreteer het, waar klasse ook slegs in een taal aangebied word (alhoewel die ander taal parallel aangebied word).



Figuur 33: Persentasie respondente wat aangetoon het dat sommige van hul modules as enkelmediumonderrig gespesifiseer is

V18: Hoeveel van jou modules word as enkelmediumonderrig gespesifiseer?


Vraag 18 is sedert die 2019-opname bygevoeg om te bepaal hoeveel van die respondente se modules as enkelmediumonderrig gespesifiseer is.




Figuur 34: Persentasie respondente wat aangetoon het hoeveel van hul modules as enkelmediumonderrig gespesifiseer is

Die volgende vraag, oor implementering van die taalreëling soos gekommunikeer, is slegs vir studente gewys wat "ja" geantwoord het op die vraag of sommige van hul modules in een taal aangebied is. Hierdie vraag is verander in die 2017-opname in die tweede semester vir nouer ooreenstemming met die Taalbeleid-spesifikasies vir die enkelmediumopsie. Figuur 35 tot 37 toon die resultate van die 2017-opname in die tweede semester en die opnameresponse in 2019 en 2022.


V19: Is die taalreëling (enkelmediumonderrig) geïmplementeer soos gekommunikeer?



Figuur 35: Persentasie respondente wat aangetoon het hoeveel van hul modules as enkelmediumonderrig gespesifiseer is. In die geval van eerstejaarmodules bied die US vir die eerste twee weke van die semester simultane tolking in Afrikaans aan, maar dit word gestaak indien studente nie daarvan gebruik maak nie. Die vraag is anders bewoord in 2017_sem1.



Figuur 36: Persentasie respondente wat aangetoon het hoeveel van hul modules as enkelmediumonderrig gespesifiseer is. In die geval van lesings in Afrikaans bied die US vir die eerste twee weke van die semester simultane tolking in Engelse modules in alle studiejare aan, maar dit word gestaak indien studente nie daarvan gebruik maak nie. Die vraag is anders bewoord in 2017_sem1.




Figuur 37: Persentasie respondente wat aangetoon het hoeveel van hul modules as enkelmediumonderrig gespesifiseer is. Studente is in Afrikaans en Engels ondersteun in 'n kombinasie van toepaslik gefasiliteerde leergeleenthede (bv. konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale en praktika). Die vraag is anders bewoord in 2017_sem1.


Ander leerondersteuning

V20: Is die volgende beskikbaar in jou voorkeurtaal (Afrikaans of Engels)?


Hierdie vraag is by die 2017-opname in die tweede semester gevoeg en in die 2019- en 2022-opnames herhaal. Figuur 38 tot 40 weerspieël hoë nakomingsvlakke rakende die beskikbaarheid van die verskillende elemente in die respondente se voorkeurtaal (Afrikaans of Engels).



Figuur 38: Persentasie respondente wat aangetoon het dat hulle tevrede is met ander leerondersteuning wat in hul voorkeurtaal aangebied is (Afrikaans of Engels): moduleraamwerke of studiegids



Figuur 39: Persentasie respondente wat aangetoon het dat hulle tevrede is met ander leerondersteuning wat in hul voorkeurtaal aangebied is (Afrikaans of Engels): vraestelle vir toetse, eksamens of ander summatiewe assesserings (slegs voorgraads)




Figuur 40: Persentasie respondente wat aangetoon het dat hulle tevrede is met ander leerondersteuning wat in hul voorkeurtaal aangebied is (Afrikaans of Engels): alle verpligte leesmateriaal word in ten minste Engels verskaf, behalwe waar die module spesifiek oor taal gehandel het

Afdeling C: Leefomgewing, ko-kurrikulêre omgewing en administratiewe omgewing

V21: Waar bly jy?

Die vraag is in 2019 herbewoord om koshuise, ander universiteitsleefomgewings en privaat verblyf in te sluit, in vergelyking met die 2017-opnames, wat slegs die opsies koshuis en ander leefomgewing bevat het. Die resultate van die 2019- en 2022-opname word in figuur 41 getoon. In sowel die eerste as die tweede semester se vraelyste in 2017 het ongeveer die helfte van die respondente aangetoon dat hulle in 'n koshuis bly.




Figuur 41: Persentasie respondente in koshuis of ander leefomgewings. n (2019) = 897, n (2022) = 810.


V22: Wat is jou voorkeurtaal, soos prakties haalbaar?

Dit is opmerklik dat die voorkeur vir Afrikaans hoër was in die leefomgewing (24%, daling vanaf 28% in 2019) as in die leeromgewing (12%, daling vanaf 19% in 2019) (figuur 7). Eweneens was die voorkeur vir sowel Afrikaans as Engels ook hoër in die leef-, ko-kurrikulêre en administratiewe omgewings in vergelyking met die leeromgewing (figuur 7), met 'n styging vanaf 2019 tot 2022.


Dit is ook duidelik in figuur 42 tot 44 dat respondente die opsie "Sowel Afrikaans as Engels" bo "Óf Afrikaans óf Engels" (’n opsie wat in 2019 bygevoeg is) verkies het.



Figuur 42: Voorkeurtaal, soos prakties haalbaar, in die **leefomgewing** (bv. koshuis). "Sowel Afrikaans as Engels" is as 'n opsie in 2019 bygevoeg.




Figuur 43: Voorkeurtaal, soos prakties haalbaar, in die **ko-kurrikulêre omgewing** (bv. sportklubs en verenigings). "Sowel Afrikaans as Engels" is as 'n opsie in 2019 bygevoeg.




Figuur 44: Voorkeurtaal, soos prakties haalbaar, in die **administratiewe omgewing** (bv. akademiese administrasie). "Sowel Afrikaans as Engels" is as 'n opsie in 2019 bygevoeg.

V23: Ek voel gemaklik om myself in my voorkeurtaal uit te druk.


Dit is duidelik in figuur 45 tot 47 dat die oorweldigende meerderheid respondente (meer as 80% het saamgestem of sterk saamgestem) in 2017, 2019 en 2022 gevoel het dat hulle hulself in hul voorkeurtaal in al drie omgewings (leef-, ko-kurrikulêre en administratiewe) kon uitdruk en dat hulle ingesluit gevoel het in kommunikasie in al drie omgewings (weer eens het meer as 80% van die respondente saamgestem of sterk saamgestem, vanaf figuur 48 tot 50).



Figuur 45: Studente se gemaksvlakke rakende uitdrukking van hulself in hul voorkeurtaal (Afrikaans of Engels), soos prakties haalbaar, in die **leefomgewing** (bv. koshuis)




Figuur 46: Studente se gemaksvlakke rakende uitdrukking van hulself in hul voorkeurtaal (Afrikaans of Engels), soos prakties haalbaar, in die **ko-kurrikulêre omgewing** (bv. sportklubs en verenigings)




Figuur 47: Studente se gemaksvlakke rakende uitdrukking van hulself in hul voorkeurtaal (Afrikaans of Engels), soos prakties haalbaar, in die **administratiewe omgewing** (bv. akademiese administrasie)


V24: Ek voel ingesluit by kommunikasie.



Figuur 48: Studente se gevoel van insluiting by kommunikasie in die **leefomgewing** (bv. koshuis)



Figuur 49: Studente se gevoel van insluiting by kommunikasie in die **ko-kurrikulêre omgewing** (bv. sportklubs en verenigings)




Figuur 50: Studente se gevoel van insluiting by kommunikasie in die **administratiewe omgewing** (bv. akademiese administrasie)

Die doel van die laaste vyf vrae van die vraelys was om te bepaal of studente gewet het waar om hul ontevredenheid met taalverwante kwessies aan te meld, hetsy

ontevredenheid in die leer-, leef-, ko-kurrikulêre of administratiewe omgewings, en of hulle gevoel het dat hul taalverwante kwessies bevredigend hanteer is.

V25: Weet jy waar om jou ontevredenheid met taalverwante kwessies aan te meld?

Uit die respondente het 22% in 2017, 17% in 2019 en 15% in 2022 aangetoon dat hulle weet waar om hul ontevredenheid met taalverwante kwessies aan te meld (figuur 51).




Figuur 51: Persentasie respondente wat weet waar om hul ontevredenheid met taalverwante kwessies volgens die prosedures in die US Taalbeleid §8.5 aan te meld

n (2022) = 808
n (2019) = 897
n (2017_sem2) = 2017
n (2017_sem1) = 4072

Slegs 'n minderheid respondente het egter aangetoon dat hulle al ooit 'n rede gehad het om ontevredenheid met taalverwante kwessies in die leer-, leef-, ko-kurrikulêre en administratiewe omgewings aan te meld (figuur 52 tot 55). Gegewe die response op vraag 21 en 22, was dit nie verrassend nie dat die behoefte om ontevredenheid aan te meld die laagste in die leef-, ko-kurrikulêre en administratiewe omgewings was.

V26: Ontevredenheid in die leeromgewing



Figuur 52: Ontevredenheid in die **leeromgewing**


$n(2022) = 210/807$ en $n(2022) = 58/209$

$n(2019) = 210/897$ en $n(2019) = 139/153$

$n(2017_sem2) = 413/2\ 030$ en $n(2017_sem2) = 135/378$

$n(2017_sem1) = 750/4\ 103$ en $n(2017_sem1) = 249/702$

V27: Ontevredenheid in die leefomgewing



Figuur 53: Ontevredenheid in die **leefomgewing**


$n(2022) = 171/804$ en $n(2022) = 44/170$

$n(2019) = 136/897$ en $n(2019) = 51/136$

$n(2017_sem2) = 413/2\ 030$ en $n(2017_sem2) = 135/378$

$n(2017_sem1) = 360/4\ 103$ en $n(2017_sem1) = 249/702$

V28: Ontevredenheid in die ko-kurrikulêre omgewing



Figuur 54: Ontevredenheid in die **ko-kurrikulêre omgewing**


$n(2022) = 97/804$ en $n(2022) = 16/97$

$n(2019) = 60/897$ en $n(2019) = 12/60$

$n(2017_sem2) = 91/2\ 030$ en $n(2017_sem2) = 15/82$

$n(2017_sem1) = 138/4\ 100$ en $n(2017_sem1) = 62/118$

V29: Ontevredenheid in die administratiewe omgewing



Figuur 55: Ontevredenheid in die **administratiewe omgewing**

$n(2022) = 85/803$ en $n(2022) = 12/84$

$n(2019) = 73/897$ en $n(2019) = 19/73$

$n(2017_sem2) = 157/2\ 030$ en $n(2017_sem2) = 33/131$

$n(2017_sem1) = 271/4\ 102$ en $n(2017_sem1) = 77/211$

Slotopmerkings: Studente-opname

Hierdie bondige verslag bied 'n ontleding van die verandering in uitoefening van die US Taalbeleid deur 'n vergelyking van die response op die opname wat in Maart 2017, tydens die vyfde week van klasse ná die implementering van die nuwe US Taalbeleid, en weer in die derde kwartaal van 2017 uitgestuur is met dié van

studente in Julie 2019, aan die begin van die tweede semester, 'n jaar en 'n half ná die eerste opname. Die 2022-opname is in die middel van die eerste semester, vier maande nadat die bygewerkte Taalbeleid geïmplementeer is, gedoen.

Alle voorgraadse studente se stemme opgeneem rakende hul persepsies van die implementering van die destydse nuwe Taalbeleid in 2017 en nagraadse studente is in 2019 en 2022 ingesluit.

Wat die leeromgewing betref, is dit bemoedigend dat:

- die meerderheid studente aangetoon het dat die dosente die reëlins oor die gebruik van taal in die klas verduidelik het; en
- die taalreëlins geïmplementeer is soos gekommunikeer, veral in die parallelmedium- en enkelmediumopsies, alhoewel daar ook 'n baie hoë vlak van tevredenheid was met die implementering van die dubbelmediumopsie (Afrikaans en Engels in dieselfde klasgroep).

Wat die leef-, ko-kurrikulêre en administratiewe omgewings betref:

- blyk daar 'n groter voorkeur vir tweetaligheid buite die klaskamer as in die leeromgewing te wees, met 'n hoër persentasie studente wat 'n voorkeur vir sowel Afrikaans as Engels as hul praktiese taal aangetoon het; en
- voel die meerderheid studente gemaklik om hulself in hul voorkeurtaal uit te druk en voel hulle ook ingesluit by kommunikasie wat in hierdie omgewings plaasgevind het.

Personeelopname


Agtergrond

Die personeelopname wat in 2019 gedoen is, is in 2022 herhaal, met die toevoeging van vrae wat op die bevordering van institusionele en individuele meertaligheid op die kampus gefokus het. E-pos-uitnodigings om die aanlyn opname te voltooi, is in Mei 2022 aan alle (4 643) akademiese en nie-akademiese personeel gestuur. Die response is vergelyk met dié op die opname wat in 2019 aan personeel gestuur is. Die responskoers in 2022 was 13.1% (610 uit 4 643) vergeleke met 13.7% (594 uit 4 336) in 2019. Die personeel het nie aan die 2017-opname deelgeneem nie.

Afdeling A: Jou persoonlike inligting

V1: Jou fakulteit of verantwoordelikhedsentrum


Die meeste van die respondente was van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, gevolg deur die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en Lettere en Sosiale Wetenskappe, en die verantwoordelikhedsentrum van die Viserektor: Leer en Onderrig (figuur 56).



Figuur 56: Responskoers per fakulteit of verantwoordelikhedsentrum. n (2019) = 594, n (2022) = 610.

V2: Wat is jou huistaal?


Die meerderheid respondente het aangetoon dat hul huistaal Afrikaans (56%) is, terwyl 32% aangetoon het dat hul huistaal Engels is (figuur 57).



Figuur 57: Persentasie respondente per huistaal


V3: Hoe vertrou is jy met die inhoud van die US Taalbeleid soos dit van toepassing is op jou werksomgewing?

Die persentasie respondente wat aangetoon het dat hulle in 'n groot mate vertrou is met die Taalbeleid het van 48% tot 36% gedaal, gevolg deur respondente wat aangetoon het dat hulle slegs in 'n mate daarmee vertrou is (52%). Die minderheid respondente (12%) het aangetoon dat hulle glad nie vertrou is met die Taalbeleid nie (figuur 58). Die meerderheid respondente (68%, styging vanaf 62% in 2019) het aangetoon dat hulle die beleid gelees het (figuur 59).



Figuur 58: Persentasie respondente volgens vertroudheid met die US Taalbeleid in die werksomgewing


V4: Ek is vertrouwd met die inhoud omdat:



Figuur 59: Persentasie respondente vertrouwd met die inhoud van die US Taalbeleid per rede gegee

V5: Rolklassifikasie


Ongeveer die helfte van die respondente (47%) het aangetoon dat hulle in die steunomgewing werk (figuur 60).



Figuur 60: Persentasie respondente volgens rolklassifikasie. Daar was in 2019 verwarring rakende die betekenis van die C1-, C2- en C3-klassifikasie. Die C3-kategorie in 2019 was dus moontlik te hoog, aangesien talle C2-personelede ná die tyd aangetoon het dat hulle per ongeluk C3 gekies het. Dit is in 2022 hanteer deur die gebruik van rolbeskrywings.

V6: Gee jy klas in voorgraadse modules?


Minder as die helfte van die respondente (43%) het aangetoon dat hulle voorgraadse modules onderrig (figuur 61).



Figuur 61: Persentasie respondente wat voorgraadse modules onderrig

V7: Die Taalbeleid spreek tot die meertalige konteks van die US met die doel om institusionele meertaligheid en individuele veeltaligheid te bevorder deur individue aktief aan te moedig om meer as een taal te gebruik. Het jy hierdie bevordering van meertaligheid ervaar?

Altesaam 80% van die respondente het aangetoon dat hulle hierdie bevordering van meertaligheid in 'n mate ervaar het (figuur 62).



Figuur 62: Persentasie respondente wat hul ervaring van die bevordering van meertaligheid aangetoon het. Nuwe vraag in 2022.

Dit was duidelik uit die lae responskoers op 'n nuwe vraag (**Vraag 8**) wat bygevoeg is oor die ondersteuning wat deur die Taalsentrum verskaf word, dat meer bewustheid oor die dienste wat deur die Taalsentrum gelewer word, geskep moet word.

Afdeling B: Taal in die leer- en onderrigomgewing

Personeel het drie voorgraadse taalopsies gekry soos in die US Taalbeleid gespesifiseer:

1. **Parallelmedium- (PM-)onderrig:** Die module word in Afrikaans en in Engels vir afsonderlike klasgroepe onderrig (US Taalbeleid §7.1.3).
2. **Dubbelmedium- (DM-)onderrig:** Sowel Afrikaans as Engels word in dieselfde klasgroep gebruik, maar alle inligting in die module word in ten minste Engels oorgedra, met verskaffing van opsommings of beklemtoning van sleutelkonsepte in Afrikaans in dieselfde lesing (US Taalbeleid §7.1.4).
3. **Enkelmedium- (EM-)onderrig:** Slegs een aanbiedingstaal (Afrikaans of Engels) word vir die module gebruik; byvoorbeeld, alle lesings word uitsluitlik in Engels aangebied en is nie in Afrikaans beskikbaar nie, of omgekeerd (US Taalbeleid §7.1.5).


Die volgende afdeling, oor taal in die leer- en onderrigomgewing, is slegs gewys vir personeel wat "ja" geantwoord het op die vraag of hulle voorgraadse modules onderrig. As hulle "nee" geantwoord het, is hulle direk na Afdeling C: Taal in die werksomgewing verwys.

V9: Het jy vir jou voorgraadse klasgroep verduidelik in watter een van die bogenoemde opsies die module aangebied gaan word en vooraf verduidelik wat dit alles behels?

Die response van dosente rakende verduideliking aan hul studente van die opsie waarin die module aangebied word (66%), was aansienlik hoër as die response van studente wat aangetoon het dat die taalopsie met hulle bespreek is (41%) (figuur 21 en 63).


Ongeveer 'n derde van die respondente het aangetoon dat hulle in die parallelmediumopsie onderrig (figuur 64). Dit is duidelik uit figuur 65 dat die lesings soos vereis geïmplementeer word en dat studente in 'n kombinasie van geskik gefasiliteerde leergeleenthede in Afrikaans en Engels ondersteun word, maar slegs die hefte van die

respondente het aangetoon dat hulle ander leergeleenthede gebruik om die integrasie van studente uit verskillende taalgroepe in al hul modules te bevorder (figuur 66).




Figuur 63: Persentasie voorgraadse dosente wat klasgroep ingelig het van die taalopsie waarin die module aangebied word en vooraf verduidelik het wat dit behels. n (2022) = 230.

V10: Bied jy enige modules aan wat as parallelmediumonderrig gespesifiseer is?




Figuur 64: Persentasie dosente wat modules onderrig wat as parallelmediumonderrig gespesifiseer is


V11: Ek het die taalreëlings soos gekommunikeer as parallelmediumonderrig geïmplementeer (volgens die US Taalbeleid §7.1.3).



Figuur 65: Persentasie respondente wat aangetoon het dat parallelmediumonderrig vir lesings geïmplementeer is soos gekommunikeer: Afsonderlike lesings in Afrikaans en Engels was vir die module beskikbaar




Figuur 66: Persentasie respondente wat aangetoon het dat parallelmediumonderrig vir ander leergeleenthede geïmplementeer is soos gekommunikeer. Ander leergeleenthede is benut om die integrasie van studente uit verskillende taalgroepe te bevorder (bv. in groepwerk, opdragte, tutoriale en praktika).



Figuur 67: Persentasie respondente wat aangetoon het dat parallelmediumonderrig vir ondersteuning van studente geïmplementeer is soos gekommunikeer. Studente is in Afrikaans en Engels ondersteun deur 'n kombinasie van geskik gefasiliteerde leergeleenthede (bv. konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale en praktika).


V12: Bied jy enige modules aan wat as dubbelmediumonderrig gespesifiseer is?

Ongeveer die helfte van die respondente (47%) het aangetoon dat hulle die dubbelmediumopsie in onderrig en leer gebruik. Die aanbod van opsommings en tolking in die eerste jaar benodig egter aandag, aangesien slegs 60% van die dosente aangetoon het dat hulle in al hul modules opsommings in Afrikaans verskaf (figuur 69) en slegs 24% (daling vanaf 35% in 2019) verskaf tolking. Tolking word vir die eerste twee weke van die semester aangebied, maar word gestaak indien studente nie daarvan gebruik maak nie (figuur 72).




Figuur 68: Persentasie dosente wat modules aanbied wat as dubbelmediumonderrig gespesifiseer is


V13: Ek het die taalreëlings soos gekommunikeer as dubbelmediumonderrig geïmplementeer (volgens die US Taalbeleid §7.1.4).




Figuur 69: Persentasie respondente wat aangetoon het dat dubbelmediumonderrig tydens lesings geïmplementeer is soos gekommunikeer. In elke lesing is opsommings in Afrikaans verskaf en sleutelkonsepte is in Afrikaans verduidelik.



Figuur 70: Persentasie respondente wat aangetoon het dat dubbelmediumonderrig geïmplementeer is soos gekommunikeer. Vrae in Afrikaans en Engels is ten minste in die taal van die vraag beantwoord.



Figuur 71: Persentasie respondente wat aangetoon het dat dubbelmediumonderrig geïmplementeer is soos gekommunikeer. Studente is in Afrikaans en Engels ondersteun deur 'n kombinasie van geskik gefasiliteerde leergeleenthede (bv. konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale en praktika).




Figuur 72: Persentasie respondente wat aangetoon het dat dubbelmediumonderrig geïmplementeer is soos gekommunikeer. In die geval van eerstejaarmodules bied die US vir die eerste twee weke van die semester simultane tolking aan, maar dit word gestaak indien studente nie daarvan gebruik maak nie.

V14: Bied jy enige modules aan wat as enkelmediumonderrig gespesifiseer is?


Byna die helfte (47%) van die respondente het aangetoon dat hulle in 'n enkele medium klasgee (figuur 73). Die feit dat die "nie van toepassing nie"-persentasie vir die eerstejaarmodules in Engels so hoog is, is verstaanbaar, aangesien nie veel eerstejaarmodules in Engels onderrig word nie (figuur 74). Eweneens is daar ook nie veel enkelmediummodules in Afrikaans nie, dus is die "nie van toepassing nie"-persentasie ook hoog (figuur 75).

Slegs 36% (daling vanaf 51%) van die respondente het aangetoon dat studente in al hul modules in 'n kombinasie van geskik gefasiliteerde leergeleenthede in Afrikaans en Engels ondersteun word (figuur 76).




Figuur 73: Persentasie dosente wat modules aanbied wat as enkelmediumonderrig gespesifiseer is


V15: Ek het die taalreëlings soos gekommunikeer as enkelmediumonderrig geïmplementeer (volgens die US Taalbeleid §7.1.5)



Figuur 74: Persentasie respondente wat aangetoon het dat enkelmediumonderrig geïmplementeer is soos gekommunikeer. In die geval van eerstejaarmodules in Engels bied stel die US vir die eerste twee weke van die semester simultane tolking in Afrikaans aan, maar dit word gestaak indien studente nie daarvan gebruik maak nie.



Figuur 75: Persentasie respondente wat aangetoon het dat enkelmediumonderrig geïmplementeer is soos gekommunikeer. In die geval van lesings in Afrikaans bied die US vir die eerste twee weke van die semester simultane tolking in Engels in alle studiejare aan, maar dit word gestaak indien studente nie daarvan gebruik maak nie.




Figuur 76: Persentasie respondente wat aangetoon het dat enkelmediumonderrig geïmplementeer is soos gekommunikeer. Studente is in Afrikaans en Engels ondersteun deur 'n kombinasie van geskik gefasiliteerde leergeleenthede (bv. konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale en praktika).


Ander leergeleenthede

V16: Het jy die volgende in sowel Afrikaans as Engels aan jou studente beskikbaar gestel?


Die meerderheid respondente het aangetoon dat die moduleraamwerke (figuur 77) en assesserings (figuur 78) in sowel Afrikaans as Engels beskikbaar gestel is en die verpligte leesmateriaal in ten minste Engels (figuur 79).



Figuur 77: Persentasie respondente wat aangetoon het dat hulle modulaamwerke en studiegidse in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel het



Figuur 78: Persentasie respondente wat aangetoon het dat hulle vraestelle vir toetse, eksamens of ander summatiewe assesserings in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel het



Figuur 79: Persentasie respondente wat aangetoon het dat hulle alle verpligte leesmateriaal in ten minste Engels beskikbaar gestel het, behalwe waar die module spesifiek oor taal gehandel het


V17: Het enige van jou studente in die huidige akademiese jaar ontevredenheid uitgespreek oor jou implementering van die US Taalbeleid in die leeromgewing?

Slegs 'n baie klein minderheid (6%) respondente het aangetoon dat hul studente gekla het oor hul implementering van die Taalbeleid (figuur 80). Die meeste van die kwessies was opgelos deur 'n direkte gesprek tussen die lektor en die student(e) (figuur 81).



Figuur 80: Persentasie klagtes deur studente in die huidige akademiese jaar oor die implementering van die US Taalbeleid in die leeromgewing

V18: Het jy die klagtes hanteer (merk almal wat van toepassing is)?



Figuur 81: Persentasie van hantering van kwessies; respondente kon almal kies wat van toepassing is. n (2019) = 14, n (2022) = 14.


Afdeling C: Werksomgewing

Dit is duidelik uit figuur 82 dat Engels die voorkeurtaal, waar prakties haalbaar, in al die gespesifiseerde omgewings is. Afrikaans is die voorkeurtaal hoofsaaklik in informele vergaderings gebruik (19%, daling vanaf 27% in 2019) en in kommunikasie tussen kollegas (14%, daling vanaf 20% in 2019). Sowel Engels as Afrikaans word hoofsaaklik in informele vergaderings gebruik (27%, styging vanaf 20% in 2019), en meestal Engels word in die navorsingsomgewing (70%) en in vergaderingsdokumentasie (68%) gebruik (figuur 82).

Ongeveer 70% van die respondente het saamgestem of sterk saamgestem dat hulle hulself in alle omgewings kon uitdruk, met personeel wat die gemaklikste voel met kommunikasie tussen kollegas (82% in 2022 en 80% in 2019) (figuur 83).


Dit is ook bemoedigend dat 78% en meer van al die respondente saamgestem of sterk saamgestem het dat hulle ingesluit voel in die onderskeie omgewings wat taalgebruik betref (figuur 84).

V19: Wat is jou voorkeurtaal, waar prakties haalbaar?




Figuur 82: Persentasie respondente wat praktiese taalvoorkeur aangetoon het. "Nie van toepassing nie" is verwyder.

V20: Ek voel gemaklik om myself in my voorkeurtaal uit te druk, waar prakties moontlik (Afrikaans of Engels).



Figuur 83: Personeel se gemaksvlakke rakende uitdrukking van hulself in hul voorkeurtaal (Afrikaans of Engels). "Nie van toepassing nie" is verwyder.


V21: Ek voel ingesluit met betrekking tot taalgebruik.



Figuur 84: Personeel se gevoel van insluiting met betrekking tot taalgebruik. "Nie van toepassing nie" is verwyder.

V22: Weet jy waar om jou ontevredenheid met taalverwante kwessies aan te meld, indien nodig (volgens die prosedures in die US Taalbeleid in §8.6)?

Die respondente het aangetoon dat hulle weet waar hulle hul ontevredenheid met taalverwante kwessies kon aanmeld (37%, styging vanaf 29% in 2019) (figuur 85), met slegs 7% wat aangetoon het dat hulle 'n rede gehad het om hul ontevredenheid aan te meld (figuur 86). Altesaam 22 (daling vanaf 37 in 2019) respondente het aangetoon dat hierdie ontevredenheid verband gehou het met 'n afwyking van die Taalbeleid (figuur 87), met slegs 4 uit 36 personeellede in 2022 wat aangetoon het dat hierdie kwessies bevredigend hanteer is (figuur 88).



Figuur 85: Persentasie respondente wat geweet het waar om ontevredenheid met taalverwante kwessies aan te meld

n = (2022) = 225/610

n = (2019) = 174/594

V23: Het jy gedurende die huidige jaar 'n rede gehad om jou ontevredenheid met taalverwante kwessies in jou werksomgewing aan te meld?




Figuur 86: Ontevredenheid met taalverwante kwessies in die werksomgewing in die huidige jaar

n = (2022) = 42/610

n = (2019) = 72/594

V24: Was jou ontevredenheid as gevolg van 'n afwyking van die US Taalbeleid?



Figuur 87: Ontevredenheid as gevolg van 'n afwyking van die US Taalbeleid

n = (2022) = 22/40

n = (2019) = 37/59

V25: Is jou ontevredenheid bevredigend hanteer?



Figuur 88: Ontevredenheid bevredigend hanteer

n = (2022) = 4/36

n = (2019) = 7/61

Slotopmerkings: Personeelopname

Dit is duidelik uit die resultate van die personeelopname dat daar 'n hoë nakomingsvlak in onderrig en leer is met betrekking tot die implementering van die drie taalopsies (parallelmedium, dubbelmedium en enkelmedium). Meer bewustheid rakende die skep van geleenthede vir studente om oor verskillende taalgroepe heen saam te leer en te deel, moet nog geskep word. Dit blyk uit die response dat die personeellede tevrede was met die gebruik van veelvuldige tale in die omgewings en dat hulle ingesluit voel wat taalgebruik betref. Nie baie personeellede het geweet waar om hul ontevredenheid met implementering van die Taalbeleid aan te meld nie, maar slegs 'n klein minderheid het 'n rede gehad om 'n klagte in te dien oor die implementering daarvan.